

WETTIGE OOREENKOMS

Tussen

LEWENDE WOORD TARGET LIFE
("Die Institusie ")

en

in sy/haar/hulle kapasiteit as ("**Betaler/Borg**")

I.D. Nr.

getroud binne/buite gemeenskap van goedere/ongetroud

name van eggenoot/eggenote

I.D. Nr. Van eggenoot/eggenote

Vir

in sy/haar kapasiteit as ("**Student**")

I.D. No. van Student

en bygestaan deur sy/haar wettige voog (indien van toepassing)

Wettige voog

I.D. Nr. van wettige voog

2018 TARGET LIFE WETTIGE OOREENKOMS

1. INLEIDING

Die Institusie onderneem om die studente te onderrig in die Woord van God, lewensvaardighede te ontwikkel en bloot te stel aan avontuurleer. Ons gee erkenning aan vryheid van keuse wat vergesel word met meegaande verantwoordelikheid en gevolge. Studente dra die volle verantwoordelikheid van hulle gedrag. Die Institusie neem verantwoordelikheid vir die toepassing van dissipline om 'n veilige georganiseerde omgewing te skep waarin die student kan ontwikkel.

2. OPSKORTING VAN HIERDIE OOREENKOMS

Hierdie ooreenkoms sal nie meer geldig wees indien die registrasiegelde van R6 000.00 nie betaal is teen 31 Desember 2017 of die student nie aanmeld op die 27 Januarie 2018 met hierdie dokument **geteken en geparafeer op elke bladsy**, deur al die betrokke partye verwant aan die student en die student self nie. *Target Life* sal die ooreenkoms teken met inhandiging tydens die registrasie.

3. BINDENDE VOORWAARDES

Die betaler / borg verbind homself / haarself / hulle-self tot die stiptelike betaling van klasgelde en kommunegelde (indien van toepassing) soos uiteengesit hieronder. Indien 'n student die kursus te enige tyd verlaat vir enige rede, sal die betaler / borg nog steeds wettig verantwoordelik bly vir die stiptelike betaling van klasgelde en kommunegelde (indien van toepassing). Die student verbind homself / haarself tot die onderhouding van die reëls van *Target Life* en die meegaande verantwoordelikhede en gevolge. Indien 'n student geskors word weens oortreding van die reëls sal die betaler / borg nog steeds verantwoordelik wees vir die volle vereffening van die uitstaande klasgelde, stiptelik volgens die betalingskedule hieronder uiteengesit.

4. BETALING

Kostes

Die kostes vir die jaar 2018 beloop R36 000.00 (Wat registrasie gelde insluit). Die kostes sluit alle klasgelde, kampgelde, 'n handboek en 'n DVD(s) van die jaar in. 'n T-hemp, baadjie en "buff" sal ook hierby ingesluit wees. Ander klere kan addisioneel aangekoop word. Die Institusie gaan poog om rugsakke te leen aan alle studente afhangend van die getal studente wat inskryf. Kos vir die staptoer, padkos vir ekskursies en die eerste en laaste reisdag van sekere kampe, sowel as sakgeld vir die "*Journey*" (R4400) en *Winklespruit* (R3300) is nie hierby ingesluit nie. Die student se sertifikaat sal teruggehou word as enige betalings nie ten volle vereffen is nie.

Betalingskedule

Registrasiegelde van R6 000.00 moet voor 31 Desember 2017 inbetaal word. Om 'n plek te verseker voordat die kursus vol is word aanbeveel dat die registrasiegelde so gou moontlik betaal word na keuring. Keuring word bevestig met 'n Aanvaardingsbrief van die Institusie. Die registrasiegelde is nie met kansellasië verhaalbaar nie. Verdere betalings vir die jaar moet voor of op die 3de van die maande Februarie tot September 2017 teen R3 750.00 per maand vereffen word.

Die maandelikse bedrag van R3 750.00 kan op een van die volgende maniere betaal word:

1. Elektronies met voldoende verwysings en gepaardgaande epos / faks van bewys van betaling;
Faks: 086 626 4249; epos: targetlife@lewendewoord.co.za
2. D.m.v. 'n eenmalige betaling.

5. INVORDERING

Uitstaande betalings ouer as 60 dae sal aan skuldinvorderaars (prokureurs) oorgegee word en rente teen ABSA se prima koers ten tye van die invordering sal gehef word. Uitstaande betalings kan daartoe lei dat die betaler / borg ge-“swartlys” word totdat die betaling gedoen is. Indien die betaler / borg agter raak met betalings vanweë ’n finansiële krisis, moet hy / sy / hulle onmiddelik met die Intitusie in verbinding tree en ’n nuwe skriftelike kontrak voorlê. Indien die nuwe voorlegging aanvaar word sal dit die nuwe bindende kontrak word. Indien betalings ouer as 90 dae is, kan die betrokke student gevra word om die kursus te verlaat.

6. DIE REËLS

REËLS/ GRENSE

Waarom reëls?

Target Life se reëls het ten doel om die kursus en sy mense te beskerm. Die reëls erken vryheid van keuse met die meegaande verantwoordelikheid en gevolge. Alle reëls word goed gemotiveer, sodat almal sal verstaan dat dit nie wetties is nie, maar uit liefde vir wat ons doen, ons studente, leiers en bowenal, die Here, wat ’n God van geregtigheid is.

’n *Target Life*-student staan vir die volle duur van die kursus (middel Januarie tot middel November) permanent onder die reëls van *Target Life*, omdat mense krities kyk na wat die kursus in studente se lewens inbou. Sekere reëls is ook daar om mede-studente te help wat sukkel met versoekings waarmee jy dalk nie sukkel nie, en daarom geld die Bybelse beginsel dat ons nie iets gaan doen wat ’n medemens sal laat struikel nie.

Die Here se beginsels staan vas en verander nie. God se koninkryk is ook nie ’n demokrasie nie. Die waarheid staan vas en verander nooit nie. Ons beywer ons om volgens God se standaard te leef.

KLASSE VAN OORTREDINGS EN MEEGAANDE GEVOLGE

Klas 1 oortreding:

Sal op meriete hanteer word.

Klas 2 oortreding:

Die oortreding word in die groot groep hanteer met insette van mede-studente en leiers. Herhaling van die oortreding kan as ’n Klas 3-oortreding beskou word. Dit is enige oortreding wat verhoudinge of die groepsgees beïnvloed of die groepsbelewenis en sekuriteit van mede-studente belemmer. Vanuit die basis van ’n familie, kan mede-studente mekaar onder goed gefasiliteerde omstandighede uitdaag.

Klas 3 oortreding:

’n Onderhoud met die leierskap en ’n herhaling van die oortreding kan lei tot ’n klas 4-oortreding. Dit is oortredings wat skadelik inwerk op die kursus, die groep of individu, maar tot so ’n mate dat dit deur mentorskap reggestel kan word. Vir elke sodanige oortreding sal daar ’n skriftelike waarskuwing gegee word. Enige skriftelike waarskuwing kan gepaard gaan met ’n week lange skorsing, wat die kommune sal insluit.

2018 TARGET LIFE WETTIGE OOREENKOMS

Klas 4 oortreding:

'n Finale skriftelike waarskuwing wat met 'n herhaling van die oortreding tot skorsing kan lei. Dit is oortredings wat vir mede-kursusgangers of die kursus self, bedreigend is. Dit sal hoofsaaklik wees a.g.v. 'n negatiewe gesindheid. Op hierdie stadiuim sal die ouers betrek word.

Klas 5 oortreding: (nie onderhandelbaar)

Kan tot 'n onmiddellike skorsing lei.

Een van die familiehoofde sal die taak, Portefeulje van Dissipline, opneem en alle skriftelike waarskuwings uitreik, met ouers kommunikeer en by alle dissiplinêre aangeleenthede by wees.

Reëls met betrekking tot studente se gedrag buite die amptelike Target Life-konteks

1. Studente se gedrag wat Target Life se naam in die openbaar skend, sal as 'n baie ernstige oortreding beskou word.

- ♦ Studente moet ten alle tye *Target Life* se naam hoog hou in die openbaar. Verbreking van enige Target Life reël buite amptelike Target Life ure sal nogsteeds as 'n oortreding geld. – **Klas 3**

Reëls met betrekking tot rook gedurende amptelike *Target Life* aangeleenthede (Dit sluit klastye, kampe, uitreike of amptelike sosiale funksies in):

2. Rook (Insluitend elektriese sigarette):

Rook is nie erger as ander sondes nie, maar dit is 'n openbare getuienis wat nie in lyn is met die beginsels wat Target Life voor staan nie.

- ♦ Indien 'n student nog rook moet hy/sy dit by die leierskap aanmeld, omdat ons mentorskap wil gee deur die jaar.

Ons het die volgende probleme met rook:

- Elke student is 'n verteenwoordiger van *Target Life* terwyl hulle die kursus bywoon en ons is van opinie dat rook'n persoon ontnem van sy/haar Christelike getuienis.
- Rook as 'n verslawing weerhou jou van die beste wat God vir jou het. Ons was gemaak om oor die plante te heers en nie andersom nie.
- Rook beskadig jou liggaam wat 'n tempel van die Heilige Gees is.
 - ♦ Ons is bereid om met 'n student die pad te loop om op te hou rook as hy/sy sou wou. Die reëls is wel daar om diegene te beskerm wat nie rook nie, sowel as diegene wat probeer om op te hou.

Target Life vra die onderhouding van die volgende reëls aangaande rook gedurende die tydperk van die kursus:

- 'n Target Life student mag onder geen omstandighede saam met of binne sigafstand van enige ander persoon binne of buite Target Life rook nie. Dit sal geld ten alle tye. (*Wanneer mense saam rook, skeep dit versoeking en maak dit moeilik vir iemand om op te hou*). Die oortreding hier is dus ongehoorsaamheid, wat as rebellie beskou word. – **Klas 3**
- Studente mag nie op enige stadium in *Target Life* klere, of op enige kampe rook nie. (**Insluitend publieke plekke op Journey en Winklespruit**) – **Klas 3**

2018 TARGET LIFE WETTIGE OOREENKOMS

- iii. Studente mag nie op die kerk se gronde, naby die ingange of kommune erf rook nie.
- iv. Indien 'n student wat nie met die aanvang van die kursus gerook het nie, begin rook, sal dit as 'n baie ernstige oortreding beskou word, omdat dit 'n vorm van rebellie is teen die beginsels wat in die program aangebied word. – **Klas 3**
- v. *Hubbly en elektriese sigarette* word onder geen omstandighede in die kursustydperk (middel Januarie tot middel November) toegelaat om gerook te word nie. - **Klas 3**

3. Drankgebruik:

*Target Life vra die onderhouding van die volgende reëls aangaande **drankgebruik** gedurende die tydperk van die kursus:*

- i. Geen drank op die kerkgronde of in die kommunes nie. – **Klas 4**
- ii. Enige vorm van drankmisbruik of dronkenskap sal as 'n baie ernstige oortreding beskou word. – **Klas 3**
- iii. Studente mag een eenheid drank per sosiale geleentheid drink. (Wat as 'n eenheid geld kan by die student se familiehoof bevestig word). – **Klas 3**

4. Clubbing:

- i. *Clubbing* word onder geen omstandighede gedurende die jaar toegelaat nie en sluit in plekke soos kroëë, plekke met ouderdomsbepelings en *clubs*. **Klas 3**.
 - ♦ Studente mag by 'n studio gaan dans.
 - ♦ Toestemming kan vir spesiale geleenthede gevra word by die betrokke familiehoof.

Reëls met betrekking tot verhoudings met die doel om studente te help om die Here se beginsels en seisoene te verstaan.

5. Liefdesverhoudings:

Target Life glo dat daar 'n bepaalde seisoen vir liefdesverhoudings is. Dit is ons ondervinding dat dit gedurende die kursus nie die regte seisoen is nie, omdat dit die student van leiers, mede-studente, en die kursus se prosesse vervreem.

*Target Life vra die onderhouding van die volgende reëls aangaande **verhoudings** gedurende die tydperk van die kursus:*

- i. Verhoudings word nie toegelaat met 'n persoon binne of buite die *Target Life*-groep tydens die kursus tydperk nie. – **Klas 3**.
 - ♦ 'n Bestaande verhouding wat reeds voor die *Target Life*-jaar gevestig was, sal toegelaat word, mits dit 'n positiewe, opbouende verhouding is. Indien leierskap bewus word daarvan dat die verhouding die student negatief beïnvloed, sal die verhouding uitgedaag word.

2018 TARGET LIFE WETTIGE OOREENKOMS

- ♦ Indien 'n student verlief raak, moet hy/sy dit by die familie hoof aanmeld, en dit onder geen omstandighede met die persoon waarop hulle verlief is bespreek nie. Die leierskap sal dit vertroulik hanteer en die student daardeur begelei. – **Klas 2/3**
- ii. Geen vorm van flirtasie word toegelaat nie. – **Klas 3.** (*Flirtasie skep versoeking vir mede-studente en bedreig hulle welsyn*)

6. Seksuele oortredings:

- i. Seksuele omgang tussen studente op kursus of tussen 'n student en iemand buite die kursus, sal as 'n baie ernstige oorteding beskou word, en kan dadelik ook by die ouers aangemeld word. – **Klas 3**
- ii. Enige vorm van betasting gedurende busritte, kampe of enige aktiwiteite gedurende die *Target Life*-jaar, sal as 'n baie ernstige oorteding beskou word. – **Klas 3**

Fisiese kontak

Geen intieme fisiese aanraking word toegelaat nie. – **Klas 2**

Reëls met betrekking tot die oortreding van landswette

7. Dwelms:

- i. Die gebruik of besit van dwelms tydens die *Target Life*-jaar is 'n baie ernstige oortreding. Dit kan lei tot betrekking van die SAPD en tot onmiddellike skorsing. Ouers sal onmiddelik in kennis gestel word. – **Klas 4/5.**
 - ♦ *Wanneer iemand in 'n groep deur die polisie met dwelms betrap word, stel hulle die hele groep in gevaar, en almal kan in hegtenis geneem word. Daar is ook 'n risiko dat die kursus of betrokke kommune onmiddellik gesluit kan word.*

8. Diefstal:

- i. Enige diefstal sal as 'n baie ernstige oortreding beskou word. – **Klas 5**

Reëls met betrekking tot gesindheid en verbintenis tot die kursus

9. Negatiewe gesindheid en/of openlike rebellie:

- i. Negatiewe gesindheid en/of openlike rebellie sal as 'n baie ernstige oortreding beskou word – **Klas 3/4**
 - ♦ Uit die aard van ons proses is dit baie belangrik dat elke student met elke proses samewerking sal gee met 'n goeie en respekvolle gesindheid, anders word die proses wat *Target Life* bied belemmer. Disrespekvolle optrede teenoor leiers is hierby ingesluit. Hierdie oortreding sal deur die leierskap beoordeel word, en kan tot skorsing lei.

Die student se klasgelde sal egter nog voluit betaalbaar wees.

10. Skinder – Klas 2

11. Versuim om klas by te woon

- i. Versuim om klas of enige ander amptelike *Target Life* aktiwiteit by te woon sonder 'n geldige verskoning. – **Klas 3**.
 - ♦ *Belangrike afspraak moet sover moontlik buite klastye gereël word. Afwesigheid as gevolg van siekte moet vroegoggend deur die student by sy/haar familiehoof aangemeld word. – Klas 3*
 - ♦ *Target Life vereis 'n mediese sertifikaat in gevalle waar 'n student langer as 2 dae afwesig is, of op 'n gereëelde basis nie klas bywoon nie vanweë mediese redes.*

12. Versuim om 'n kamp by te woon.

- ♦ Kampe is verpligtend en verskoning sal net op grond van geldige, mediese redes of dood in die nabye familie, aanvaar word. Vir 'n mediese rede moet geldige dokumentasie voor vertrek aan *Target Life* verskaf word. – **Klas 5**
- ♦ Geen lisensie afspraak kan tydens kampe gereel word nie.

Reëls met betrekking tot selfone

13. Geen sosiale selfoon-aktiwiteit word tydens klastyd toegelaat nie.

- i. Selfone kan gebruik word as 'n Bybel of om aantekeninge te neem. Misbruik van hierdie vergunning. - **klas 3**

Reëls met betrekking tot die kommunes

- ♦ Een naweek per maand kan 'n "inbly naweek" wees.
- ♦ Enige vorm van immorele gedrag. – **Klas 3**
- ♦ Versuim om kommune verantwoordelikhede na te kom kan lei tot skorsing uit die kommune.
- ♦ Geen twee persone wat van die teenoorgestelde geslag is mag alleen in kamers kuier nie. – **Klas 3**
- ♦ Geen intieme fisiese aanraking tussen student nie.
- ♦ Persoonlike higiëne is van absolute belang, en studente kan aangespreek word deur leierskap. Studente wat nie die nodige ag gee op hierdie beginsel nie, kan moontlik gevra word om die kommune te verlaat.
- ♦ Inkomtye : Weeksaande om 22:00 en naweke om 00:00.
- ♦ Stilte na 22:00
- ♦ Kuiergaste, insluitende familieledede mag onder geen omstandighede in die slaapkamers kom nie. 'n Uitsondering word gemaak tydens in- en uittrek.
- ♦ Kuiergaste moet teen 21:00 uit die kommune wees.
- ♦ Geen vriende mag rook op die kommune-terrein of kerkgrond nie.
- ♦ Geen vriende buite *Target Life* kan oorslaap nie.
- ♦ Geen troeteldiere nie.
- ♦ *Target Life* Studente wat wil oorslaap, moet 'n spesifieke reëling tref by die betrokke familiehoof, en die sekeretaresse en daarvoor betaal.

Ander praktiese reëls

- ♦ Kleredrag, klasgedrag en ander praktiese reëlings sal intern deurgegee word.

2018 TARGET LIFE WETTIGE OOREENKOMS

- ♦ *Target Life* se waardes aangaande studente se persoonlike higiëne sal intern deur leierskap deurgegee word, en 'n student kan moontlik huistoe gestuur word indien dit 'n probleem veroorsaak vir die leierskap en mede studente.

Riglyne vir ouers:

Wie die verantwoordelikheid dra

Target Life staan primêr in verhouding met die **student**. Dit is vir ons baie belangrik dat die student self verantwoordelikheid neem vir elke faset van die kursus, behalwe die betaling van klas en kommunegelde. Inligting rakende reëlings van kampe en elke ander faset van die kursus sal dus vir dié rede aan die studente gekommunikeer word. Ons vra u om enige inligting in hierdie verband van u kind te verkry, en nie van die sekeretaresse of personeel nie. Indien studente onverantwoordelik optree of nie goed luister nie, sal hulle die gevolge self moet dra, omdat ons waarde heg daaraan dat hulle verantwoordelikheid vir hulle eie lewens neem.

Terugvoer oor u kind

Terugvoer oor die kursus moet primêr van u kind af kom. *Target Life* se proses is gemik op potensiaalontwikkeling, karakter bou, geestelike groei en dergelike onmeetbare fassette. Dit is dus nie vir ons moontlik om 'n vorderingsverslag aan ouers te gee nie. 'n Boom word aan sy vrugte geken. Die vrug in die student is die enigste aanduiding van groei en dit kan net vanuit 'n baie persoonlike verhouding beoordeel word. Ons vra ook van u as ouer om geduldig te wees, want *Target Life* saai vir 'n jaar lank saad, wat dikwels eers in die jare wat volg vrug gaan lewer. Indien u vir 'n bepaalde rede terugvoer benodig kan u dit baie goed gespesifiseer van die familiehoof aanvra, slegs per epos. Indien die terugvoer nie voldoende is nie, kan u met die familiehoof 'n afspraak maak binne kantoor ure.

Daar sal die laaste Donderdagaand van die eerste kwartaal vir die ouers 'n inligtingsessie wees waartydens wedersydse terugvoer ook sal plaasvind. Ons sal dit waardeer as u dit kan bywoon, maar sal ook die inligting vir alle ouers epos.

Indien u behoefte het om ons van meer inligting te voorsien rakende u kind

Addisionele inligting van ouers se kant af kan ons goed bemagtig om beter met 'n student te kan werk. U is dus baie welkom om afsprake per epos te maak. Dis baie belangrik dat u in die epos vermeld waaroor dit gaan, sodat ons ter voorbereiding van die gesprek inligting aan ons kant kan versamel.

Probleme met die kursus of personeel

Ons versoek dat die volgende prosedure asseblief gevolg sal word:

1. Indien 'n student 'n probleem ondervind van enige aard moet hy/sy dit opneem met die betrokke familiehoof.
2. Indien die probleem nie met die familiehoof opgelos kan word nie, moet die student die probleem met die hoof van *Target Life* gaan bespreek.
3. Indien die probleem nog nie opgelos is nie, kan ouers betrokke raak deur die probleem per epos van u kant af aan te meld. Ons sal dan 'n skriftelike verslag terug epos en daarna kan u 'n afspraak met ons maak indien dit nog nodig sal wees.

2018 TARGET LIFE WETTIGE OOREENKOMS

4. Tydens 'n besoek van ouers sal gesprekke in die kantoor opgeneem word vir verwysings en kontrole. Vir die rede wil ons nie groot probleme per telefoon hanteer nie. Familie leiers en *Target Life* hoof sal teenwoordig wees in sodanige gesprek.
5. Slegs as 'n probleem baie **dringend** is, sal 'n telefoon oproep aanvaarbaar wees. Ongekontroleerde kommunikasie kan baie skade doen en ons wil nie onnodig met enige iemand in 'n swak verhouding kom nie.

Finansies

Agterstallige betalings sal met die betaalpligte persoon opgeneem word, maar studente sal op hoogte gehou word van die stand van hulle rekening. Indien betalings 3 maande agter is, kan 'n student gevra word om die kursus te verlaat.

Tattoeëring en "body piercing"

Tattoeëring en "body piercing" is 'n saak tussen ouers en studente en *Target Life* sal nie hiervoor verantwoordelikheid neem nie.

Inligting aan ouers

Alle inligting wat belangrik is vir ouers sal per epos aan u gestuur word. Verskaf asseblief aan ons 'n relevante eposadres en laat weet ons asseblief indien u eposadres verander.

Kampe

Inligting aangaande alle kampe sal aan **studente** deurgegee word.

- ♦ Vanweë die werkslading van die sekretaresse kan sy nie beskikbaar wees om persoonlike navrae te beantwoord nie. Waar nodig sal sy op amptelike tye inligting aan die ouers deurgee. Ons vra ouers se samewerking in hierdie verband, en enige inligting wat versoek word, eerstens by die student te verkry.
- ♦ **Staptoer:** Daar is geen duursame aankope nodig vir staptoer of enige ander kampe nie.
- ♦ Met die staptoer leen ons rugsakke aan studente.
- ♦ Ander toerusting soos bv. ligte, slaapsak, potjie, en stoffe kan geleen word.
- ♦ Stapskoene: Ou tekkies sal voldoende wees. Ons raai stapstewels af.
- ♦ Studente moet wel hulle eie kos voorsien, en inligting aangaande dit sal aan hulle gekommunikeer word.

Plaasweek

Plaasweek is al vir etlike jare 'n groot hoogtepunt vir die student. Inligting aangaande plaasweek sal op die inligtingsaand aan die einde van die eerste kwartaal deurgegee word (laaste Donderdagaand). Dit is 'n baie groot organisasie om alle studente geplaas te kry by boere wat ons deur persoonlike verwysing genader het, maar nie persoonlik ken nie. Ons kan nie die omstandighede op die plase waarborg nie, maar ons het vertroue in die boere se integriteit. Studente ry saam in groepe met eie vervoer en sal vir brandstof vergoed word. Indien u besorgd is oor aspekte van die plaasweek, is dit baie belangrik dat u die inligtingsessie bywoon. Indien u, na die inligtingsessie, nie veilig voel dat u kind dit bywoon nie, kan die student onttrek van die aktiwiteit, sonder dat daar teen die student gediskrimineer sal word.

7. OOREENKOMS

Ek (student se volle naam en van), _____
verklaar, onderneem en erken as volg:

1. Om die reëls en regulasies van *Target Life* na te kom en te onderhou.
2. Om elke leergeleentheid met 'n goeie gesindheid aan te gryp.
3. Om leiers en mede-studente te alle tye te respekteer.
4. Om nie *Target Life* se naam met my openbare optrede op enige manier in gedrang te bring nie. Sulke gedrag sal insluit: dronkenskap, seksuele misdrywe, dwelmgebruik, bakleiery en openlike rebellie.
5. Om alle opdragte en projekte met entoesiasme aan te pak en met voortreflikheid uit te voer.
6. Om te kies om elke fasset van *Target Life* saam met my mede-studente te geniet en af te sien van negatiewe spraak en skinder.
7. Om 'n beter verhouding met die Here na te jaag en inspraak van leierskap en mede-studente met 'n leerbare gees te ontvang.
8. Om myself teenoor die groep oop te maak en in hulle lewens te belê.
9. Om alle konflikte op te los deur met vrymoedigheid en eerlikheid my saak te stel.
10. Om nie 'n mede-student te beïnvloed om die kursus se reëls te oortree nie.
11. Om te alle tye te laat weet as ek laat vir 'n klas gaan opdaag.
12. Om vroegtydig toestemming te vra indien ek nie 'n klas of aktiwiteit kan bywoon nie.

Handtekening van student

Getuie 1 – Verwantskap: _____

Getuie 2 – Verwantskap: _____

8. VRYWARING

Die prosesse van *Target Life* neem studente buite hulle gemaksone om groei te bewerkstellig. Emosionele seerkry uit hulle verlede word ook aangespreek en dit kan tot verhoogde spanning lei.

Die deelname aan *Target Life*-kampe kan intens en vermoeiend wees. Dit kan lang busritte, lang loopafstande en uitputtende fisiese aktiwiteite insluit. Goeie geriewe is nie altyd beskikbaar nie. Dit behels ook 'n verandering in dieet en waterverbruik.

Die betrokkenheid by *Target Life* mag vereis dat 'n student tydens sekere aangeleenthede binne Pretoria van eie vervoer gebruik moet maak (hetsy persoonlik of saam met ander studente). Elke student is bewus van die risiko's en gevare in die geval van 'n motorvoertuigongeluk asook hul betrokkenheid daarby. Dus is die gebruik van bogenoemde vervoer vrywillig en word die bestuurder sowel as *Target Life* onvoorwaardelik en sonder enige voorbehoude van die risiko's gevrywaar.

Die betaler / borg / student doen hiermee afstand van enige eise van enige aard teen *Target Life*, onder die beskerming van Lewende Woord, wat ek, my erfgename, afhanklikes, administrateurs,

2018 TARGET LIFE WETTIGE OOREENKOMS

eksekuteurs, mag hê as gevolg van openbare geweld, politieke oproer, arrestasie, deportasie of enige rede vir 'n aanval, nalate, ongeluk, siekte en/of enige beserings en/of verlies van of skade aan besittings of enige gevolglike verlies van enige aard of oorsaak hoegenaamd, wat mag ontstaan gedurende of voortspruitend uit my betrokkenheid by *Target Life*.

9. ALGEMEEN

Hierdie ooreenkoms, ingesluit die aansoekvorms, behels die volle wettige kontrak tussen die partye rakende die *Target Life* kursus en enige verandering of nuwe ooreenkoms sal slegs van krag wees indien dit deur albei partye onderteken is.

VIR TARGET LIFE:

Geteken te **PRETORIA** hierdie **28ste dag** van **JANUARIE 2018**

Namens *Target Life* wat waarborg dat hy/ sy
volle outoriteit het om te teken nms die Institusie

Volle Naam en Van: _____

I.D. Nr.: _____

Posbeskrywing _____

VIR DIE BETALER / BORG:

Geteken te _____ hierdie _____ dag van _____ 20__

Betaler / borg

Volle Naam en Van: _____

I.D. Nr.: _____

Verwantskap: _____

Gade

Volle Naam en Van: _____

I.D. Nr: _____

I.D. Nr.: _____